Heidelbergse Kategismus

Sondag: 11

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 11

Vraag 29: Waarom word die Seun van God genoem: *Jesus*, wat Verlosser beteken?

Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie.

Vraag 30: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?

Antwoord: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem. Slegs een van twee dinge is immers moontlik: of Jesus is nie ’n volkome Verlosser nie, of die wat hierdie Verlosser met ’n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is.

Heidelbergse Kategismus Sondag: 11

Vraag 29: Waarom word die Seun van God genoem: *Jesus*, wat Verlosser beteken?

Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos



Matteus 1:21: Sy sal geboorte gee aan ’n seun, en jy moet Hom Jesus noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos.

Hebreërs 7:25: Dit is waarom Hy ook volkome in staat is om hulle wat deur Hom na God toe kom, te verlos – omdat Hy altyd leef, om ter wille van hulle in te tree.

Vraag 29: Waarom word die Seun van God genoem: *Jesus*, wat Verlosser beteken?

Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie.



Jesaja 43:11: Ek, ja, Ek is die HERE, en daar is geen verlosser buiten My nie.

Johannes 15:4–5: Net soos die loot nie uit sy eie vrug kan dra as dit nie in die druiwestok bly nie, so julle ook nie as julle nie in My bly nie. Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie.

Handelinge 4:12: "Daar is ook deur niemand anders verlossing nie, en daar is geen ander naam onder die hemel aan mense gegee waardeur ons verlos kan word nie."

1 Timoteus 2:5: Want daar is een God, en een Middelaar tussen God en die mense: die mens Christus Jesus,

1 Johannes 5:11–12: En dit is die getuienis: dat God die ewige lewe vir ons gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.

Vraag 30: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?

Antwoord: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem.



1 Korintiërs 1:13: Is Christus verdeel? Paulus is tog nie vir julle gekruisig nie? Of is julle dan in die naam van Paulus gedoop?

1 Korintiërs 1:30–31: Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom, regverdiging sowel as heiliging en bevryding. Daarom, soos daar geskryf staan: "Wie hom op iets wil beroem, moet hom beroem op die Here."

Galasiërs 5:4: Julle wat op grond van die wet geregverdig wil word, julle is van Christus afgesny – julle het die genade verbeur!

Vraag 30: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?

Antwoord: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem. Slegs een van twee dinge is immers moontlik: of Jesus is nie ’n volkome Verlosser nie, of die wat hierdie Verlosser met ’n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is.



Jesaja 9:6: Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee. Die heerskappy is op sy skouer. Hy word genoem: Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

Kolossense 1:19–20: want God het dit goedgevind om die hele volheid in Hom te laat woon, en om deur Hom alles, ja, alles op aarde en in die hemel, met Homself te versoen, deurdat Hy vrede gebring het deur sy bloed aan die kruis.

Kolossense 2:10: En in Hom, wat Hoof oor elke heerskappy en mag is, is julle met hierdie volheid vervul.

Hebreërs 12:2: die oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, Hy wat ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig gestel is, die kruis verduur het, die skande daarvan gering geag het, en sy plek aan die regterkant van die troon van God ingeneem het.

1 Johannes 1:7: maar as ons in die lig leef, soos wat Hy in die lig is, is ons aan mekaar verbonde, en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 11

Vraag 29: Waarom word die Seun van God genoem: *Jesus*, wat Verlosser beteken?

Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos1 en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie2.

1 Matteus 1:21; Hebreërs 7:25
2 Jesaja 43:11; Johannes 15:4–5; Handelinge 4:12; 1 Timoteus 2:5; 1 Johannes 5:11–12

Vraag 30: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?

Antwoord: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem[1]. Slegs een van twee dinge is immers moontlik: of Jesus is nie ’n volkome Verlosser nie, of die wat hierdie Verlosser met ’n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is[2].

1 1 Korintiërs 1:13; 1 Korintiërs 1:30–31; Galasiërs 5:4..
2 Jesaja 9:6; Kolossense 1:19–20; Kolossense 2:10; Hebreërs 12:2; 1 Johannes 1:7

Kopiereg

© 2026